

• **Woensdag 8 Desember**

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:6, 7

... daar moet eers nog 'n paar dinge op die aarde gebeur!

En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

Van die gesig van die hemelkoor af, word die openbaring teruggeskuif na die dinge toe wat nog hier op die aarde moet gebeur. Die dinge wat nog hier moet gebeur, word aangebied in drie waarskuwings – drie waarskuwings wat al drie oproep tot bekering.

Daar is drie engele. Elke engel het 'n ander boodskap. Maar die doel van elke boodskap is dieselfde. *Al drie die engele kondig die koms van die Here aan – en daarmee saam die ewige oordeel!* Die eerste engel vlieg en terwyl hy vlieg, verkondig hy 'n ewige evangelie. Ewige evangelie beteken dat sy boodskap nooit verouder of verander nie – dis tydloos. Dis 'n boodskap wat ewige seën belowe aan *die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke*. Die boodskap is dus gerig aan die hele mensheid.

Die woorde *bewoners van die aarde* sinspeel daarop dat die mense rustig en sorgvry lewe. Dis mense wat hulle net oor aardse dinge bekommer. Die hemelse dinge is nie (meer?) binne hulle gesigsveld nie. Die engel roep hulle toe dat hulle God moet vrees en aan Hom alle heerlijkheid gee. Dit beteken dat die aardbewoners net een God moet aanbid – die Here. Hy alleen moet alle aanbidding en verheerliking kry. Die engel se boodskap is dus 'n sterk oproep wat in die eindtye na die hele mensdom toe uitgaan.

Sing: Psalm 62-1:4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)